Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, August 29, 2021

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# As volwassenes by hul ouers woon

## Lewensversekering bied sleutel tot gemoedsrus vir haas enige gebeurlikheid

Ek kyk vandag na die finansiële (en ander) risiko's van saam met kinders woon ná aftrede.

Lesers sal dalk onthou dat ek nie die sogenaamde ouma-woonstel-idee, waar ouers by kinders intrek ná aftrede, aanmoedig nie. Lees gerus weer "Loop lig vir ouma-woonstel" (*Rapport Beleef*, 11.04) waar ek die redes bespreek. Die feite en omstandighede vandag is ietwat anders.

Ons kyk vandag na 'n gesprek wat ek die afgelope week gehad het met ouers wat binne 'n jaar of drie wil aftree. By die see. Hulle het 'n getroude kind in die buiteland wat dié gesin in Suid-Afrika wil kom vestig. Die gedagte is kortliks dat hulle, die ouers, 'n huis groot genoeg en met afsonderlike woongedeeltes wil bou en dat die kind in een deel woon en die ouers in die ander deel.

Dit is nie 'n beplanning om geldnood by óf die ouers óf die kind nie. Die ouers het genoeg geld en die kinders het 'n goeie inkomste. Dis bloot ouers en kinders wat lief is vir mekaar en gemaklik is in mekaar se geselskap wat glo hulle kan langs mekaar in dieselfde huis woon.

**Wat kan dan die probleem wees?**

Die probleem lê in dit wat jy nie weet nie. 'n Mens beplan nooit vir nou nie. Nou weet jy waar jy staan. Jy beplan vir vorentoe. Die toekoms is onseker en daarom noem ek 'n paar faktore wat oorweeg behoort te word.

Die beplanning word binne die raamwerk van 'n stel omstandighede gedoen.

Dit gaan goed en alles lyk reg. Sowel die ouers as die kinders het 'n inkomste, die ouers uit spaargeld en die kinders het elk 'n goeie werk.

Maar omstandighede verander. Wat as een of albei ouers verswak raak? Die werklikheid van die lewe is dat oumense in 'n stadium bagasie kan raak vir kinders. Hoe gaan die kinders dit hanteer?

Ek het al gehoor van gevalle waar ouers en kinders ook só saamwoon, maar uiteindelik het dit groot spanning veroorsaak, want Pa of Ma mag nie uit hul deel van die huis kom as die kinders se pelle Sondag kom braai nie.

En as die ouers so verswak is dat hulle in 'n versorgingsoord opgeneem moet word? Is die kinders gemaklik dat vreemdes nou hierdie huis kom deel? Of moet die huis verkoop word en waarheen gaan die kinders dan?

In een só 'n geval is 'n jong vrou se man oorlede en hy het nie juis voorsiening gemaak vir haar nie. Toe sy ouers ouetehuis toe gaan moes die huis verkoop word. Hul skoondogter het dus nie net haar man en sy inkomste verloor nie, sy het ook haar huis verloor.

Sonder behoorlike beplanning kan dit groot ellende skep, ondanks die goeie bedoelings waarmee hulle begin het.

Die kinders se eie omstandighede kan ook verander. Wat as een of albei van hulle ernstig siek raak of ongeskik raak om te werk? Met geen of minder inkomste - en teen daardie tyd al eie kinders - wie gaan instaan vir hul geldelike behoeftes?

**Maak voorsiening**

Die feit is, die lewe gebeur. Hy vra nie eers hoe dit vir jou en my raak nie. Ons weet ook nie wat ons gaan tref, of wanneer nie. Maar ons kan voorsiening maak vir die finansiële gevolge daarvan.

Maak seker met lewensversekering.

Hieronder sluit ek in dekking teen die finansiële risiko's van dood, ongeskiktheid en gevreesde siekte. Daar is nie 'n enkele vraag wat ek hierbo vra waar die antwoord nie lê in genoegsame risikodekking nie.

As ouers genoeg siekte- en ongeskiktheidsdekking het, sal hulle nie bagasie word vir hul kinders as die ouderdom sy aftakeling begin nie. Hulle sal verpleging kan bekostig.

En as die kinders voldoende voorsiening gemaak het, weer aan die hand van die vrae wat ek hierbo vra, sal hulle, soos die vrou waarna ek verwys, nie haar man en haar blyplek saam verloor het nie. Sy sou die huis by die ouers kon koop en hulle sou die geld kon gebruik vir hul verblyf in die ouetehuis.

Praat hierdie sake deur met jou finansiële beplanner. Daar is oplossings, jy moet net eers die probleme raaksien.

En as jy later vind dat die versekering te duur raak vir jou aftree-inkomste, laat die kinders die premies betaal. Hulle is immers dié wat gaan voordeel trek daaruit. Die geld wat jy of hulle betaal vir doodsdekking is 'n uitstekende belegging. Daar is net niks beter nie. Daar is niks so gewaarborg soos die dood nie.

Laastens net 'n woord oor jou testament. Dit is 'n noodsaaklike deel van jou finansiële beplanning waar dit jou naasbestaandes raak.

"Alles moet gelykop tussen my kinders verdeel word" is dalk nie so 'n goeie oplossing vir die een wat saam met jou die huis gedeel het nie.

Maar terselfdertyd aanvaar ons reg dat jy jou kinders gelykop wil laat erf, tensy jy dit baie duidelik in jou testament stel dat byvoorbeeld dit wat aan die een geskenk is nie ingebring hoef te word by die boedel vir verdeling aan erfgename nie.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.